## LAINGSBURG MUNISIPALITEIT
## BELEID T.O.V. DIE BEHEER VAN HONDE

### WOORDBEPALINGS

1. Tensy uit die samehang anders blyk, het die woorde en uitdrukkings wat in hierdie verordening gebruik word, die betekenisse daaraan geheg in die Ordonnansie op Hondebelasting, 1978 (Ordonnansie 19 van 1978) en Ordonnansie 20 van 1974, en beteken -

**"Munisipale Ordonnansie"** Ordonnansie 20 van 1674;
**"Ordonnansie"** dié Ordonnansie op Hondebelasting, 1978;
**"Perseel"** enige woonstel, maisonette of ander woning of 'n erf wat in die akteskantoor as 'n aparte erf geregistreer is;
**"Stadsraad"** die Raad van die Munisipaliteit van Laingsburg
**"Gemagtigde beampte"** 'n beampte of enige persoon aan wie die Raad enige van die magte, funksies en pligte wat kragtens enige wet by die Raad berus, opgedra het en wat gemagtig is om wette toe te pas;
**"Verantwoordelike persoon"** 'n persoon wat ouer is as 17 (sewentien) jaar en wat -
( a ) die eienaar van 'n hond is, of
( b ) 'n hond vir die eienaar daarvan aanhou.

### GETAL HONDE

2.(1) Geen persoon in beheer van 'n perseel mag sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming vir die Raad meer as (2) twee honde op sodanige perseel aanhou of toelaat dat dit aangehou word nie.

2.(2) Die verbod op subartikel (1) is nie van toepassing nie op -

( a ) persele waarop honde gemeld in artikel 7(1)(a) tot (e) van die Ordonnansie aangehou word, indien die persoon wat sodanige honde aanhou die vrystelling verkry het wat in artikel 7 (2) van die Ordonnansie gemeld word;

( b ) 'n perseel wat as 'n veearts se kliniek of 'n veeartsenykundige hospitaal gebruik word;

( c ) 'n organisasie waarvan die hoofdoelstelling die afrigting van honde is om as gidshonde vir blinde persone te dien;

( d ) 'n sekerheidsorganisasie waar honde aangehou word vir sekerheidsdienste of vir afrigting, en

( e ) 'n persoon wat by die afkondiging van hierdie verordening reeds meer as twee honde aanhou, maar sodanige persoon mag nie enige hond bo die toegelate getal vervang sonder die Raad se skriftelike toestemming ingevolge artikel 2(1) indien sodanige hond vrek of weggedoen word nie.

**BEHEER VAN HONDE**

3.(1) Geen persoon mag veroorsaak, toelaat of duld dat -

( a ) enige hitsige teef waarvan hy die eienaar is of wat deur hom aangehou word of in sy sorg is in enige openbare straat, openbare plek of munisipale gebou kom nie, tensy sodanige teef aan 'n leiriem is en onder die direkte beheer van 'n verantwoordelike persoon is;

( b ) enige hond waarvan hy die eienaar is of wat deur hom aangehou word of wat in sy sorg is -

( i ) in enige openbare plek, openbare straat of munisipale gebou kom terwyl sodanige hond aan skurfte of enige ander besmetlike of aansteeklike siekte ly nie;

( ii ) in enige openbare plek, openbare straat of munisipale gebou is nie nadat die Raad by besluit ingevolge artikel 4 sodanige openbare plek, openbare straat of munisipale gebou omskryf het as 'n gebied waarin geen honde toegelaat word nie;

( iii ) in enige straat, park of munisipale openbare plek kom nie behalwe in 'n gebied wat as oefengebied vir honde gereserveer of opsy gesit en afgebaken is ingevolge 'n besluit van die Raad wat in die pers gepubliseer is, sonder dat die hond aan 'n leiriem en onder die direkte beheer van 'n verantwoordelike persoon is, en

( iv ) private eiendomme betree nie.

3.(2) In die geval van 'n oortreding van enige bepaling van hierdie artikel word die verantwoordelike persoon en / of die persoon wat op daardie tydstip in beheer was van sodanige hond, geag sodanige oortreding te begaan het.

3.(3) Enige hond wat 'n persoon in 'n openbare plek, openbare straat of munisipale gebou aangeval het, word vir die toepassing van hierdie verordening geag 'n boosaardige of gevaarlike hond te wees totdat die teendeel bewys word.

## BEPALING VAN PLEKKE WAAR HONDE TOEGELAAT WORD

4.(1) Die Raad kan by besluit bepaal dat -

( a ) sekere omskrewe openbare plekke, openbare strate of munisipale geboue binne die munisipale gebied plekke is waar geen honde toegelaat word nie, en

( b ) omskrewe of afgebakende gebiede in parke of oopruimtes as oefengebiede vir honde gereserveer word waar daar nie vereis word dat honde aan 'n leiriem moet wees nie.

4.(2) Dié besluit in subartikel (1)(b) gemeld, word ter kennisname in die plaaslike pers gepubliseer.

4.(3) Die Raad bring geskikte waarskuwings of kennisgewingsborde ingevolge die besluit in subartikel (2) gemeld, aan in die openbare plekke, openbare strate of munisipale gebiede in subartikel ( 1 ) gemeld.

## INBESLAGNEMING, SKUT EN VANKANTMAAK VAN HONDE

5.(1) Die Raad kan deur 'n gemagtigde beampte op enige hond beslag lê en dit skut op 'n plek deur die Raad bepaal indien die hond -

( a ) van kant gemaak kan word kragtens artikel 13 ( b ) van die Ordonnansie;

( b ) volgens die oordeel van die gemagtigde beampte aan skurfte of enige besmetlike of aansteeklike siekte ly;

( c ) sonder dat hy aan 'n leiriem is, in 'n openbare straat, openbare plek of munisipale gebou is;

( d ) hom gedra of los rondloop onder omstandighede soos beoog by artikel 3 van hierdie verordening.

5.(2) 'n Hond wat geskut word kragtens subartikel ( 1 ) word losgelaat in die sorg van die eienaar daarvan of die persoon wat sodanige hond aanhou teen betaling van -

( a ) die skutgeld wat deur die Raad bepaal en in die pers gepubliseer word;

( b ) enige belasting wat verskuldig is ten opsigte van sodanige hond of indien sodanige belasting reeds betaal is, op vertoon van die geldige lisensie wat ten opsigte van sodanige hond uitgereik is.

5.(3) 'n Hond wat geskut is kragtens subartikel (1)( a ), ( c ) en ( d ) kan verkoop of van kant gemaak word nadat dit minstens 3 (drie) volle dae in bewaring gehou is tensy dit kragtens subartikel (2) opgeëis en losgelaat is.

5.(4) Ondanks die bepalings van subartikel (3) kan 'n hond -

( a ) waarop daar beslag gelê is of wat geskut is kragtens subartikel (1)(b) of

( b ) wat volgens die uitsluitlike oordeel van 'n veearsenykundige aan 'n ongeneeslike, besmetlike of aansteeklike siekte ly of volgens sy oordeel boosaardig, kwaai of gevaarlik of ernstig beseer is

onmiddellik van kant gemaak word.

5.(5) Die opbrengs van enige verkoping wat in subartikel (3) vermeld word, word gebruik om alle koste verbonde aan sodanige skut en verkoping en die skutgeld en belasting gemeld in subartikel (2) te dek, en enige surplus word aan Raad verbeur tensy dit binne 'n tydperk van minstens ses maande no sodanige verkoping deur die eienaar van die betrokke hond of deur die persoon wat die hond aanhou, opgeëis word.

5.(6) Nòg die Raad nòg enige werknemer van die stadsraad of 'n gemagtigde beampte is aanspreeklik vir enige besering of siekte opgedoen deur of skade veroorsaak aan enige hond as gevolg van of gedurende die inbeslagneming, skut, aanhouding, verkoop of vankantmaak daarvan kragtens hierdie verordening.

5.(7) Die Raad hou geskikte rekords by van alle honde waarop daar kragtens hierdie verordening beslag gelê word en wat daarkragtens geskut is.

## BEHEER VAN HONDE IN OPENBARE STRATE

6.(1) 'n Gemagtigde beampte kan beslag lê op enige hond wat nie deur middel van 'n leiriem beheer word nie en wat in 'n openbare plek, openbare straat of munisipale gebou aangetref word, en kan dit in bewaring hou en die gemagtigde beampte is geregtig om enige eiendom te betree ten einde die beslaglegging uit te voer indien sodanige hond sodanige eiendom binnegaan ten einde beslaglegging te vermy.

6.(2) Waar die naam en adres van 'n verantwoordelike persoon op wie se hond daar ingevolge subartikel (1) beslag gelê is en wat daarkragtens in bewaring gehou word, redelikerwys vasgestel kan word, moet sodanige verantwoordelike persoon van sodanige beslaglegging in inbewaringhouding verwittig word en gelas word om sodanige hond van sodanige plek van bewaring te verwyder voor 'n bepaalde tyd en om

voor sodanige verwydering die koste van die beslaglegging daarop en inbewaringhouding daarvan aan die Raad te betaal, by gebreke waarvan sodanige hond van kant gemaak kan word of verkoop kan word ingevolge die bepalings van hierdie verordening.

6.(3) Waar die naam en adres van 'n verantwoordelike persoon op wie se hond daar ingevolge subartikel (1) beslag gelê is, nie vasgestel kan word nie en sodanige hond vir 'n tydperk van 3 (drie) dae na die beslaglegging nog nie opgeëis is nie, kan dit van kant gemaak of verkoop word ooreenkomstig die bepalings van artikel 5.

6.(4) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing in gebiede gereserveer ingevolge artikel 4(1)(b) nie.

**HONDE SE HALSBANDE EN PLAATJIES MAG NIE ONWETTIG GEBRUIK OF VERWYDER WORD NIE**

7. Geen persoon mag enige hond se halsband of plaatjie onwettig gebruik of enige plaatjie van die halsband verwyder of dit onwettig in besit hê of enige vervalste plaatjie gebruik nie.

**BEVRYDING VAN GESKUTTE HONDE VERBODE**

8. Niemand mag deur dreigemente van geweld of andersom enige hond wat wettig is, bevry of probeer bevry van die persoon in beheer daarvan nie.

**ONTLASTING**

9. Indien enige hond hom in enige straat, openbare plek of munisipale gebou ontlas, moet die persoon wat in beheer van sodanige hond is onmiddellik die ontlasting verwyder, dit in 'n plastiek- of papiersak plaas of in papier of plastiek toedraai en dit wegdoen deur dit in 'n houer te plaas wat vir vullis bedoel is.

## MISDRYWE EN STRAWWE

10.(1)Enige persoon wat enige van die bepalings van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen is skuldig aan 'n misdryf.

10.(2)Enige persoon wat skuldige bevind word aan 'n misdryf ingevolge hierdie verordening is strafbaar met 'n boete van hoogstens R200-00 (tweehonderd rand) of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 (ses) maande of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, en in geval van voortdurende misdryf, met 'n addisionele boete van hoogstens R10-00 (tien rand) of addisionele gevangenisstraf van hoogstens 5 (vyf) dae of met sodanige addisionele gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of met beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur.

## HERROEPING

11. Die Verordening vir die Beheer van Honde, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 891 van 25 Augustus 1978, soos gewysig, word hierby herroep.